KOMMUNIKAMMA 21 FEBRUARIE 2021

Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:
U blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Dr Deon Els: 072 276 7555; els_deon@yahoo.com
Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

TEKS vir die WEEK
Miga 7:7 & 18.
"Ek, daarenteen, sien met verwagting uit na wat die Here gaan doen.Ek wag in vertroue dat God my moet red. Wie is 'n God soos U? U vergewe sonde en straf nie die sonde of die oortredings van hulle wat oorgebly het nie. U bly nie vir altyd kwaad nie, maar U is liefdevol en getrou."

SAKE vir GEBED:

- Ons is baie dankbaar vir elke druppeltjie reën wat God vir ons gee. Bid asseblief dat God ook vir ons in die Oos-Kaap genadig sal wees. Ons damme se watervlakke is gevaarlik laag en daar is streke naby ons wat nog geen reën gehad het nie.
- Ons dank die Vader vir die eerste entstof wat gearriveer het en ons bid dat dit werklik hierdie pandemie sal stuit. Ons bid vir die baie mense wat ernstig deur die pandemie getref is, hetsy met die siekte, lewensverlies, finansiële verlies, behuising, werksverlies, ens.
- Dink ook aan al ons mediese afdelings en die persone wat so getrou hulle liefde en kragte op die pasiënte uitstort.
- Ons harte gaan uit na almal wat gedurende hierdie tyd baie eensaam is en verlang na geliefdes en vriende wat hulle nie kan sien nie.
- Dra weer ons geestelike leiers aan die Here op en vra vir wysheid, insig, vertroue en krag sodat hulle kan voortgaan met die goeie werk onder moeilike omstandighede.
- Ons burgermeester het baie gebed nodig. Ons glo dat hy onder leiding van die Heilige Gees sy werk tot die beste van sy vermoë sal kan doen.
- Ons vra dat die Heer met elke stap van die beroepingsproses teenwoordig sal wees en dat Hy dit sal seën.
- Bid vir Deon en sy gesin wat gereed maak om ons te verlaat. Ons glo dat die Here hul harte sal versterk en bewaak in hierdie tyd van afskeid.
- Ons vra in besonder die Here se seën op elkeen van ons jongmense wat vandag belydenis van geloof aflê. Ons weet dat God met elkeen 'n besondere pad sal stap. Baie geluk aan elkeen.
- Ons bid vir al ons onderwysers, leerders en studente wat weer begin het. Mag hierdie nuwe jaar voorspoedig wees.
- Innige meegevoel aan Gys en Yvette Geldehuys. Gys se broer is oorlede. Innige meegevoel aan Willem Stassen met die afsterwe van sy suster.
- Hennie Vermaak se seun, Johan, is in 'n motorongeluk beseer. Johan se vriendin is oorlede in die ongeluk. Bid vir genesing.
- Gaynor Swanepoel wat herstel na 'n skoueroperasie.
- Ons dank die Here vir elkeen wat deel is van ons Kraggakammafamilie. Julle is kosbaar in die oë van die Here.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:
Bid saam met Christene in **Pakistan** dat hulle moed sal hê om oor hul geloof te praat, ondanks hul vrees dat hul woorde teen hulle gebruik kan word. Bid vir wysheid, en dat God hulle die regte woorde sal gee om te sê.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die hou van erediense is onderhewig aan al die Covid regulasies. Maskers moet gedra en 'n veilige afstand gehandhaaf word. Vir jou koors wat gemeet sal word en vir die saniteer van hande, het ons alles in plek. Onder die regulasies van vlak 3 mag daar slegs 50 persone per erediens in die kerkgebou wees.

Indien jy 'n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn vorm te voltooi. https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8. Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi. Met die belydenisaflegging is die 3 dienste van eerskomende sondag reeds vol bespreek.

Jou bespreking verseker jou van 'n plek in die erediens. *Ons gaan ongelukkig persone wat nie bespreek het nie, moet wegwys indien ons die maksimum van 50 persone bereik het.*

Ons versoek hoë risiko persone om nie die dienste in die kerkgebou by te woon nie. Indien jy enige griepsimtone toon, bly asb ter wille van jou eie en ander se veiligheid by die huis.

Digitale dienste het gekom om te bly en sal, soos altyd, beskikbaar gestel word.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 21 Februarie Eerste Lydensweek

08:00 EREDIENS (https://youtu.be/A6y_h8bBKwU)

Baie geluk aan die volgende jongmense wat belydenis van geloof aflê:

Carli Human, Ethan Terblanche, Deidre Venter en Sonica Wolmarans

09:15 EREDIENS (https://youtu.be/nBl0K0DIiyA)

Baie geluk aan die volgende jongmense wat belydenis van geloof aflê:

Thabo Botha, Handré Janse van Rensburg, Ischke Kotze, Bianca Meiring, Clarise Moolman, Tanielle Moolman en Marnus Winter.

10:30 EREDIENS (https://youtu.be/JIpfxMXMbMA)

Baie geluk aan die volgende jongmense wat belydenis van geloof aflê:

Karla du Toit, Daniel Grobler, Samantha Jackson, Doney Laminie en Justin Wilken

Skakel gerus op enige van die tye op ons Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

Maandag 22 Februarie

12: 45 GEMEENTEBIDUUR

Ons hou Maandae 'n gebedsgeleentheid in die konsistorie, maar ook via Zoom. Almal is welkom. Indien jy wil saam bid of 'n gebedsversoek het, kontak Niekie.

19:00 WEEK VAN GEBED

Dinsdag 23 Februarie

Voedselhulp aan PE-Noord

Dankie aan almal wat die voedselhulp projek in 2020 ondersteun het. Ons doen 'n beroep op lidmate om steeds hierdie projek te ondersteun indien dit vir jou moontlik is. Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. **Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Ons het nog net genoeg kontant om 1 of 2 keer kos te koop. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.**

Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Willie en Gaynor Swanepoel (Abeliasingel 23) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry**.** Vir meer inligting, kontak Sonja Spies by 084 516 4925.

19:00 WEEK VAN GEBED

Woensdag 24 Februarie

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. Maak 'n afspraak by Niekie indien jy kerkkantoor toe wil kom. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie**. Volg asb die regulasies.

19:00 WEEK VAN GEBED

Vrydag 26 Februarie

05:00 MANNEGROEP

Die mannegroepbyeenkoms vergader by Frans Stapelberg, Carnationlaan 15. Indien jy wil deel word, kontak vir ds. MG vir meer besonderhede.

Sondag 28 Februarie

08:30 en 10:00 Nagmaal

Indien jy dit so verkies, bring asseblief jou eie brood en wyn saam. Daar sal ook brood en wyn by die eredienste beskikbaar gestel word. Toon asseblief volgende week op u besprekingsvorm aan of u die brood en wyn wat by die eredienste voorsien word, gaan gebruik. Ons wil net naastenby getalle bepaal.

Die pad vorentoe

Op 'n kerkraadsvergadering, gehou op Woensdag 3 Februarie, is die volgende sake bespreek:

Dr Deon Els het die beroep na Helderberg Gemeente in Somerset-Wes aanvaar en sal op 1 April 2021 daar diens aanvaar. Sy afskeidspreek is op Sondag 14 Maart 2021. Hierdie erediens sal, volgens regulasies, in die kerkgebou gehou word en lewend uitgesaai word.

Indien u 'n dankie sê kontant donasie aan die Els gesin wil maak, kan u dit by die kerk se rekeing inbetaal. Toon asb net duidelik aan dat vir die Els familie bedoel is.

'n Medeleraar is nodig vir Kraggakamma Gemeente. Die bedieningsbehoeftes en -uitdagings is groot en ons finansies laat dit toe. Ons moet bid vir vir die proses en ook by die Here hoor wat Sy wil vir die profiel van 'n nuwe leraar is.

Die nut van die huidige pastorie, asook herstelwerk wat gedoen moet word, moet ondersoek word. Die moontlikheid om die pastorie te verkoop en eerder 'n subsidie te gee, sal verder ondersoek word.

Ds MG is bereid om alleen voort te gaan totdat die beroepingsproses, waarmee ons nou begin en wat binne 2-3 maande afgehandel kan wees, voltooi is.

MTR Smit Verjaarsdae

Liewe vriendin,

Sien jy dalk kans om een keer per jaar een van die 16 dogters by huis 8 van die MTR Smit kinderhuis, se verjaarsdag onvergeetlik te maak?

Kontak asb Debah (082 933 2443) of Linda (082 402 4396) so gou as moontlik vir meer inligting. Saam kan ons 'n groot verskil maak!

BOURESERWEFONDS

Ons geboue is ook 'n getuienis dat ons God se fontein van liefde is. Die kerk kompleks benodig groot opknappingswerk soos bv verf, facia's, oorhange, geute ens. Daar moet ook werk by die Gazanialaan gedoen word. Die totaal van die herstelwerk- en opknappingswerk beloop na raming baie naby aan 'n miljoen rand. Die werk sal oor 'n tydperk aangepak word soos fondse beskikbaar raak.

Ons boureserwefonds is uitgeput na die verbeteringe aan die kerkgebou.

Ons weet dit is moeilike tye vir baie van ons, maar as die Here vir u geseën het, oorweeg dit asb biddend of jy nie kan help om weer die fonds te versterk nie. Oorweeg dit asb ook om in jou erflating 'n paar rand aan die fonds na te laat.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

21 Februarie	Simon Bosch, Danie Olivier en Ruaan van der Merwe
22 Februarie	Latesia de Lange, Trevor Herbst, Eugene Owen, Harthman Potgieter, Arné de Rust en Gunther Strauss
23 Februarie	Andre Basson, Charlotte Janse van Rensburg en Candice van Rooyen
24 Februarie	Jalita Jordaan, MC Maree, Telana Mouton, Henry Mulder, Dean Nell, Evan Strydom en Jalita Viljoen
25 Februarie	Marius Breytenbach, Christo Coetzee, Wayne Moller, Eunette Stoltz, Peto van Rooyen en Rick Vosloo

26 Februarie	Elize Coetzee, Marie Greef, Amanda Janse van Rensburg, Morné Meiring, Selmarie Morgan, Lynette van der Walt, Tanya van Rensburg en Issie Venter
27 Februarie	Johan Conradie, Johny de Beer, Kayla du Preez, Ella Grobler, Boots Nelampius, Lily Vosloo en Mario Weitz

KATEGESE

Ons wil graag hierdie jaar vanaf Sondag 7 Maart voortgaan met kategese vir ons kinders. Een sondag sal juniors (Graad 1-6) om 10:00 kategese by die kerkkompleks hê en die volgende sondag die graad 7-11 jongmense. U kind se mentor sal met u kontak met die indeling van die ontmoetings van die jaar. Die Sondag waarop u kind nie by die kompleks is nie, versoek ons u om die ontmoeting met u kind te hanteer. As ouers roep die Here ons om die belangrikste mentors in ons kinders se lewens te wees. Dit Kategese boeke sal by die eerste ontmoeting by die kerkgebou uitgedeel word. Vir meer inligting of hulp, kontak asb met u kind se kategeet. Die indeling en kontakbesonderhede van kategete is op die gemeente se webblad beskikbaar.

DANKOFFER

Die eerste 11 maande van ons finansiële jaar is verby en ons kon ons finansiële verantwoordelikhede nakom. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien. Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005